

ALGEMENE SEISOENOORSIG 2024

Bladsy

03

Deur: Stefan Jordaan,
Raisins SA

INTERNATIONAL MARKET HIGHLIGHTS

Bladsy

30

By: Ferdie Botha,
Raisins SA

RECAPITALISATION OF VINEYARDS

Bladsy

34

By: Ferdie Botha,
Raisins SA

IN DIE UITGAWE:



*Raisin grower attends
EXPO in Kinsha, Congo*

Bladsy

52



*Droogbaanoudits
2024*

Bladsy

64

CONTENT DISCLAIMER AND WAIVER

All information obtained from authors and/or various role players within the sector was done and compelled by the various entities as cited under each article. This is the opinion of the various authors, as indicated. Raisins SA cannot be held liable for any misleading and/or faulty data.

It is however the responsibility of Raisins SA to evaluate the quality and/or accuracy of all content published to ensure that all role players obtain the most accurate and latest studies and/or news within the sector, while taking account the author's right to freedom of speech. As Raisins SA is not the author of all the content, Raisins SA will not accept any liability with regards to published articles/statistics/data analysis and/or any other related data/factual article published.

Raisins SA would also like to emphasize that all information received and/or sent will be utilized for the intended purpose and protected in terms of the POPIA Act.

Inhoud

NAVORSING & ONTWIKKELING

3. Algemene seisoenoorsig 2024 >

5. Globale produksietoestande vir Rosyne >

12. 'n Mylpaal is bereik! >

13. GARIEP WATCH TERUGVOER >

16. ASPEKTE MET BETREKKING
TOT DROOGDRUIWE >

17. 10th International Table Grape
Symposium >

21. Kanoneiland velddag >

23. Oesskatting 2023/24 >

MARKTOEGANG, INTELLIGENSIE & ONTWIKKELING

25. International Sultana Conference:
Climate Change and Markets –
what does the future hold for us? >

30. International Market Highlights
(30 November 2023) >

34. Recapitalisation of vineyards in
the South African raisin industry:
Technology adoption for improved
production gains >

36. How does the 2024 South African
Raisin crop look? >

38. Raisin Awareness on Successful
Financial Farm Management >

40. Verpakkersbrandpunte >

42. Raisins SA bemarkingsforum
terugvoer >

44. ORANGE DESCENT >

TRANSFORMASIE

47. Raisins SA's Vineyard Establishment
Program >

49. Meet the Agribusiness Incubator
Program Growers >

51. Vine Academy and Model Farm hou
sy HEEL EERSTE opedag! >

52. Raisin grower attends EXPO in
Kinshasa, Congo >

55. Opening of the VAMF Cafeteria >

56. Report on the 6M Training >

57. Water is Life. Sanitation is Dignity. >

58. Harvesting Financial Wisdom >

INLIGTING & KOMMUNIKASIE

62. FNB LANDBOUPRAATJIE >

64. Droogbaanoudits 2024 >

66. Wenke vir hittegolf beheer >

67. External Representation In
Disciplinary Matters >

69. Camembert baked in puff pastry
with raisins and pistachios >

71. Borge betrokkenheid by Raisins
SA 2024 >

74. Kalender >

77. Kantoornuus >



VOORWOORD

So staan ons aan die einde van, wat op die minste, as 'n uitdagende produksiejaar (2023) beskou kan word. Dit is veral die Oranjerivier rosyne produsente wie drastiese produksieverliese gerealiseer het, alhoewel die Olifantsrivier ook verliese ervaar het.

Met die draai van die jaar, is daar egter nuwe hoop op 'n goeie seisoen wat voor ons lê. Die huidige produksie vooruitsig is belowend en daarby blyk markvooruitsigte om ook positief te wees vir ons produk. Ons is saam met ons lede opgewonde oor die oes wat voorlê. Ons vertrou dat ons 'n uitsonderlike produk aan die mark kan verskaf met ten minste 'n normale oesgrootte op hande.

Vir al ons DWPO-lede wie aktief deelneem, dankie vir jul toegewyde betrokkenheid en insette deur die verloop van die jaar.

Aan rolspelers en diensverkaffers van Raisins SA, dankie vir samewerking selfs in moeiliker tye.
Vir ons produsente-lede, dankie vir al die gesprekke deur die verloop van die jaar.

*Ons wens almal 'n geseënde Kerstyd en alle voorspoed vir die nuwe jaar wat voorlê.
Geniet die Feestyd saam met jul liefdes.*

Groete..
Ferdie



Navorsing & Ontwikkeling



Algemene seisoenoorsig 2024

Deur: Stefan Jordaan, Raisins SA

Die seisoen het weggetrek in die Oranjerivier met 'n paar dreigende laat ryp oggende wat 'n paar blokke beskadig het.

Somer is in volle swang en tans gaan daar sommer 'n paar dae op 'n slag verby met temperature bo 40°C. 'n Wingerdstok kan die ekstreme temperature hanteer, mits daar goeie wortelstelsels is wat voorsiening maak om die stok te buffer in die omstandighede en die vogstatus reg is. In dieselfde seisoen kry die Olifantsrivier laat reën en was ook getref deur twee opeenvolgende laat vloede wat afgekom het in die area.

Oranjerivier

Oor die algemeen lyk die blokke goed, meeste blokke het goeie vegetatiewe groei en herstel goed na die afgelope twee seisoene se ongunstige toestande.

Die omstandighede is te verwagte aangesien daar reeds in die na-oes stadium goeie toestande was vir opbou van reserwes en swam sieketedruk was laag. Daar is met die hittegolwe 'n paar blokke waar oormatige speen voorgekom het.

Daar word wel witroes opgetel in alle areas en dit is belangrik om goeie programme te bestuur in samewerking met gewasspesialiste. Met die toenemende druk op residu's kan daar nou maklike foute begaan word hetsoy dalk 'n te ligte sputprogram, of onaanvaarbare aktiewes gebruik.

Daar word toenemend die afgelope seisoeneveral rooispinnekop druk ervaar op verskeie blokke. Dit moet noukeurig gemonitor word.

Die vroeë kultivars het alreeds begin deurslaan wat dus aandui dat die seisoen steeds vroeg is maar beslis nie so vroeg soos 2022 nie.



Olifantsrivier

Met die later natter toestande is donsskimmel teenwoordig. Donsskimmel rig geweldig baie skade aan en beïnvloed nie net die seisoen nie, maar ook die komende seisoen. Moet nie spaar as dit kom by goeie bestuur van die swamsiekte nie en tree eerder te vroeg op as te laat.

Voor blom het die blokke oor die algemeen goed gelyk, maar daar is opgetel dat oormatige speen weens die omstandighede in van die areas voorgekom het. Hoe die toestande van hier af is sal groot bepalende faktore hê op die oes, aangesien Korente die meeste hierdeur beïnvloed word (wat 30% van die totale oes uitmaak).

Die area het reeds sy eerste vrugtevlieg areawaye lugspat ontvang in 'n gesamentlike inisiatief met die meeste wyndruwe wat die beheer areawyd maak en baie beter resultate tot gevolg sal hê. Wonderlike dryfkrag en deursetting van die area.

Dit is met hartseer dat ons Gert Engelbrecht van Vinpro in die area moet groet. Gert het 'n geweldige bydrae gelewer tot die area as geheel en sy benadering was net positief. Sterkte met die pad vorentoe Gert – ons weet jy gaan beslis dieselfde positiewe impak maak in die area waarheen jy nou verhuis.

Algemeen

Die seisoen onafhanklik die area lyk goed, van 'n produsent se kant om die beste te verseker is die belangrikste van nou tot oes:

- Bestuur effektiewe swambestuursprogram in samewerking met volhoubare residu bestuur
- Besproeiing is krities
- Hou dekgewasse kort/plat op die grond vir optimale lugvloei
- Wingerde moet oopgetop bly om goeie deurlig & lugting te behou
- Goeie kwaliteit rosyne is nou gekoppel aan goeie suiker opbou (brix). Verseker die optimale suiker vir oes word verkry vir die droogtipe wat gemaak word.




Globale produksietoestande vir Rosyne

Deur: Johan van den Berg

Die 11 belangrikste rosyntjie produserende lande is as volg:

Global Production



Die 2023/24 produksieseisoen is gekenmerk deur gunstige klimaatstoestande in die VSA en China, maar swakker toestande inveral Turkye.




[Lees Meer Hieroor](#)



Turkye


Afgelope seisoen

Ongeveer 50% van die rosyne/sultana/korrente in Turkye kom uit die Aegeangebied in die weste van Turkye (Figuur 1). Die 2023/24 produksieseisoen is gekenmerk deur ongunstige klimaatstoestande met vloede en oormaat reën inveral Junie tot Augustus 2023 (Figuur 2, blou) waar tot 400% van die normale reënval voorgekom het.




Figuur 1

Produksiegebiede van rosyne in Turkye



Vooruitsigte vir 2024/25

El Nino-neigende toestande gaan voortduur tot in 2024. Dit kan veroorsaak dat gemiddelde reënval (nie oormaat reën) kan voorkom en dus redelike goeie produksietoestande vir die somer vanaf Julie tot September 2024 (Figuur 3, grys en geel).




Figuur 3

Waarskynlikheid (%) om ten minste die mediaanreënval te kry vir die periode vanaf Julie tot September 2024 (geel = swak, grys = gemiddeld en blou = goed)

VSA

Afgelope seisoen

Gunstige produksietoestande het voorgekom, maar die produksie het met ongeveer 10% afgeneem in vergelyking met die 2022/23 seisoen. Die produksiegebiede het min reën gekry vanaf Junie tot Augustus, want dit was noord van die swaar reën wat voorgekom het (Figuur 4) as gevolg van 'n sikloon.




Figuur 4

Reënval as % afwyking vanaf die langtermyn gemiddeld vir die Junie tot Augustus 2023 periode vir die VSA met gemerkte deel teen die Weskus die produksiegebiede (100% is gemiddeld)

Verwagting vir 2024/25

Die produksieseisoen in die Noordelike Halfrond se kritieke stadiums is vanaf Julie tot September. Alhoewel dit lank voor die tyd is, lyk dit asof toestande neig na gemiddelde reënval en nie ekstreem na een of ander kant vir die Junie tot Augustus 2024 periode nie.



Figuur 5

Waarskynlikheid (%) om ten minste die mediaanreënval te kry vir die periode vanaf Julie tot September 2024 (geel = swak, grys gemiddeld en blou goed)

China


Die belangrikste druiewproduserende gebiede is geleë in die Xinjiang provinsie (sien Figuur 6, geel sirkel in die noordwes) noord van die Taklamakan woestyn in die baie droë noordwestelike gedeelte van China, asook in die noordooste in die Hebei provinsie (sien Figuur 6, geel sirkel aan die oostekant), net suid van Beijing. As gevolg van die baie droë klimaat word die meeste rosintjies waarskynlik in die Xiajiang Provinssie geproduseer.

Min reën en redelike goeie produksietoestande het in die afgelope seisoen geheers in die noordwestelike dele noord van die woestyn in Xinjian, maar meer reën het voorgekom in die produksiegebiede nader aan Beijing, meer ooswaarts (Figuur 7). Alhoewel daar swaar vloede was met tot 4 keer die normale reënval, was die reën nie in die produksiegebiede van rosyne nie.




Figuur 6

Ligging van druiewproduksiegebiede in China

*Figuur 7*

Reënval as % afwyking vanaf die langtermyn gemiddeld vir die Junie tot Augustus 2023 met gemerkte dele die produksiegebiede (100% = gemiddeld)

*Figuur 8*

Reënval as afwyking vanaf die langtermyn gemiddeld vir die Junie tot Augustus 2023 periode vir die produksiegebiede van rosyne in Griekeland (rooi sirkel)

Droër toestande word verwag in die belangrike Julie tot September 2024 periode wat gunstiger toestande vir produksie behoort te lewer.

Iran

Iran is die derde grootste uitvoerder van rosyne in die wêreld en is bekend vir die goeie kwaliteit en verskeidenheid van rosyne. Rosyne word hoofsaaklik in die noordwestelike dele geproduseer waar die reënval baie laag is en temperature hoog (Figuur 9).


Vloede en swaar reën het in gedeeltes van Iran voorgekom in Junie tot Augustus 2023 wat moontlik kon impakteer op veral kwaliteit (Figuur 10).

Griekeland

Die produksie van rosyne in Griekeland het skerp afgeneem in die laaste dekade, met ongeveer 19 000 ton wat in 2023 produseer is. Rosyne word geproduseer in die suidelike dele van Griekeland en ondergemiddelde reënval vanaf Junie tot Augustus 2023 het vir redelike goeie produksie- en droogtoestande gesorg (Figuur 8, sirkel).

*Figuur 9*

Die produksiegebiede van rosyne in Iran

*Figuur 10*

Reënval as % afwyking vanaf die langtermyn gemiddeld vir die Junie tot Augustus 2023 periode met gemerkte deel waar druiweproduksie plaasvind (100% = gemiddeld)


Baie droë en warm toestande word verwag vir die 2024/25 produksie seisoen wat gunstig kan wees vir produksie (Figuur 10).

Chile en Argentinië


Chile is die grootste rosyne produsent in die Suidelike Halfrond. Die oestyd wissel vanaf Januarie in die noorde tot Maart in die suide.

Druiweproduksie en veral rosyne word geproduseer baie naby aan die kus omdat die Andesgebergtes baie min beskikbare landbougrond het. Dit is dus aangrensend aan die Atlantiese Oseaan met baie groot temperatuur variasies. Noord vind druiweproduksie plaas tot aan die suidelike grens van die Atacama woestyn en in die suide tot in die provinsie Araucania maar die meeste rosyne word in die warmer gebiede noordwaarts geproduseer (Figuur 11).

Ongeveer 95% van rosyne produksie in Argentinië vind plaas in die San Juan Provinse en die res in Mendoza en La Rioja wat geleë is in die reënskadu van die Andesgebergtes aangrensend aan Chile (Figuur 10, gemerkte blok).



Gemiddelde tot bogemiddelde reënval word verwag vir die komende maande tot Januarie 2024 wat produksietoestande negatief kan beïnvloed.



Figuur 12

Waarskynlikheid (%) om ten minste die mediaanreënval te kry vir die periode vanaf November tot Januarie 2024
(geel = swak, grys gemiddeld en blou goed)

Uzbekistan en Afghanistan

Alhoewel daar ongeveer 30,000 ton rosyne geproduseer word in Afghanistan, is die kwaliteit laag en baie rosyne voldoen nie aan gesondheidsmaatreëls vir uitvoer nie. Afghanistan is dus nie 'n belangrike rolspeler nie.

Kwaliteit van rosyne uit Uzbekistan is volgens literatuur heelwat beter. Een van die drogingsmetodes is droging onder dak deur trosse op te hang wat kwaliteit verhoog omdat dit sagter rosyne produseer. Produksie het egter afgeneem van tussen 70,000 en 80,000 ton tussen 2017 tot 2019 tot ongeveer 18,000 ton in 2023.

Baie min inligting is beskikbaar oor die produksietoestande in hierdie twee lande maar hulle bydrae tot globale uitvoere is min.




Australië

Met die huidige El Nino verskynsel kan dit minder reën veroorsaak wat gunstig is vir produksie. Gemiddelde tot ondergemiddelde reënval word verwag vir die belangrike periode vanaf 1 Desember tot 28 Februarie vir die gebiede in Suid-Australië en Victoria waar die meeste rosyne geproduseer word (Figuur 12, gemerkte gebied).

Opsomming

Met minder reën en droë toestande in veral Januarie en Februarie 2024, kan Suid-Afrika munt slaan uit swakker produksietoestande wat verwag word in die Suidelike Halfrond se produksiegebiede van Chile en Argentinië.



Figuur 13

Waarskynlikheid (%) om ten minste die mediaanreënval te kry vir die periode vanaf Desember tot Februarie 2024 (geel = swak, grys gemiddeld en blou goed)

Produksiegebied	Toestand 2023/24 (huidige oes in Noordelike Halfrond en nuwe oes in Suidelike Halfrond)	Verwagte toestande 2024/25 (Noordelike Halfrond volgende seisoen)	Opmerking
Turkye	Swakker oes (Sep 2023)	Redelik gunstig (Sep 2024)	Baie reën Jun-Aug 2023.
Verenigde State	Bogemiddelde oes en kwaliteit (Sep 2023)	Gemiddeld tot ondergemiddeld	El Nino kan reën gee in 2024
China	Goeie oes (Sep 2023)	Gunstig vir goeie oes	
Iran	Swakker oes (Sep 2023)	Gunstig vir goeie oes	Baie reën Jun-Aug 2023
Griekeland	Goeie oes (Sep 2023)	Gunstig vir goeie oes	Droog Sep 2024
Chile	Bogemiddelde reën vanaf Des tot Feb (Oes Feb 2024)		
Uzbekistan	Onbekend		
Afghanistan	Onbekend		
Australië	Gunstige toestande met ondergemiddelde reën (Oes Feb 2024)reën (Oes Feb 2024)		
Argentinië	Bogemiddelde reën vanaf Des tot Feb (Oes Feb 2024)		



'n Mylpaal is bereik!

Deur: Ghian du Toit, FruitFly Africa

FruitFly Africa kondig met trots ons 20ste bestaansjaar aan!

FruitFly Africa het begin as 'n nederige navorsingsprojek onder leiding van die **Landbounavorsingsraad (LNR)** in die laat negentiger jare, en is tegnies en finansieel ondersteun deur die **International Atomic Energy Agency (IAEA)** in Vienna, Oostenryk. Vandag sluit ons voetspoor die Wes-, Oos- en Noord-Kaap provinsies in en ons primêre dienste behels:

1. Pesmonitering (bv. Mediterreneense-, Kaapse- & Oosterse vrugtevlieë, Vals kodlingmot)
2. Groot skaalse produksie- en loslating van steriele manlike vrugtevlieë (Mediterreneense vrugtevlieg) deur van die Steriele Insek Tegniek (SIT) gebruik te maak;
3. Koördinering van area-wye lugspatte van 'n organiese insekdoder.

Die voortgesette ondersteuning van die volgende aandeelhouers en rolspelers is van onskatbare waarde vir FruitFly Africa en ons spreek graag 'n groot woord van waardering uit aan julle elkeen:



FruitFly Africa bly verbind daartoe om sy dienste op 'n deursigtige, billike en koste-effektiewe manier aan te bied tot voordeel van die breër vrugtebedryf.



Die hele FruitFly Africa-familie by 'n saamtrek in die Paarl!

Personellede met meer as 10 jaar diens is ook vereer, en daar was in totaal 6 personeellede met meer as 20 jaar diens.



GARIEP WATCH TERUGVOER

Deur: Fritz Bekker,
Clean Stream Environmental Services



Gariep Watch NPC

Gariep Watch is nou geregistreer as 'n nie-winsgewende maatskappy en sal voortaan self verantwoordelik wees vir die insameling van fondse om die werksaamhede voort te sit. Baie dankie aan Ferdie Botha en Raisins SA wat tot dusver en onder moeilike omstandighede die Gariep Watch inisiatief deur sy strukture befonds het.

2024 gaan 'n uitdagende jaar wees met verskeie navorsingsprojekte wat voltooi en apart gepubliseer gaan word. Hierdie navorsing fokus op verskeie watteregulatorisiko's asook die bestuur en mitigering daarvan. Hierdie rivierstelsel is geweldig kompleks en sonder behoorlike monitering en deeglike navorsing, sal ons nie die probleme kan identifiseer of bestuur nie.

Gariep Watch gaan vroeg in 2024 'n begroting opstel en skrywes rig aan moontlike befondsers. Ons is tans besig met verskeie aksies wat in 2024 voortgesit gaan word. Van die risiko's word hieronder aangespreek:

Toksiese blou-groen alge

Weerstoestande veroorsaak tans perfekte omstandighede vir die opbloei van blou-groen alge in die laer Vaalriviergebied. Hierdie alge is besig om rivier-af te versprei na die laer Oranjerivier.

Hierdie "alge" is eintlik fitoplankton of sianobakterieë wat uiters giftige toksienes kan vrystel. Faktore wat 'n rol speel in die opbloei van hierdie sianobakterieë is hoë nutrientkonsentrasie, watertemperatuur, ligintensiteit, hoë soutgehalte en lae vloeи.

Hoë soutkonsentrasies in die water veroorsaak selstres in sianobakterieë wat dan sianotoksiene vrystel.

Hierdie toksiese stowwe maak mens en dier siek en affekteer die lewer en senuweestelsel. Ander simptome van vergiftiging is hoofpyn, koers, naarheid en diarree. Akute verlamming en versmoring kan ook plaasvind, maar kroniese effekte sluit in kanker, motorneuronsiekte, (ALS), Parkinsons, Alzheimers en demensie.



Konvensionele watersuiwering kan sianoobakterieë uit die water verwys maar nie die sianotoksiene nie. Daar bestaan dus 'n groot risiko dat waterverbruikers onwetend blootgestel kan word aan hierdie toksiese stowwe.

Die hoofsoort van hierdie risiko is die loslating van ongesuiwerde riool deur plaaslike owerhede wat eutrofe toestande in die rivier veroorsaak. Gariep Watch het hierdie risiko al in 2019 geïdentifiseer deur 'n risiko-analise soos aangedui in die onderstaande tabel.

2019 RISK ASSESSMENT TABLE

HYPOTHESIS: EUTROPHICATION AND TOXIC ALgal BLOOMS MAY POSE A RISK TO HUMAN HEALTH AND AQUATIC ECOSYSTEMS


STRESSORS	Toxicity from cyanobacteria
SOURCES	Vaal River, WWTP's, diffuse sources of sewerage, fertilizer
RECEPTOR	Potable water users, riparian communities, direct contact, contaminated food.
PATHWAYS	Vaal River, Orange River, irrigation canals, municipal water supply, contaminated irrigation water, fresh produce
TIMEFRAME	Periods of low flow, periods of peak flow from the Vaal River, Phase 2 of Lesotho Highlands Water Scheme
ENDPOINT	Brain damage, neurological disorders, altered plant biochemistry, motor neuron degeneration, cognitive impairment, Parkinson's disease, Alzheimer's disease. Eutrophication and oxygen depletion

Versouting van die laer Vaal en Oranjerivier

'n Studie van die soutkonsentrasié by Douglas stuwal in die laer Vaalrivier wys dat die sout skerp toeneem oor tyd soos gesien kan word in die onderstaande figuur. Hierdie toename in sout kan veral verbind word met geneutraliseerde suurmynwater wat vanaf die Witwatersrand se sentrale en oostelike komme losgelaat word na die Vaalrivier.

Verder word daar ook baie soutbevattende ongesuiwerde rioolwater en industriële afval gestort in die Kliprivier en Suikerbosrantrivier wat die hoër Vaalrivier bereik vanaf die Suidelike munisipaliteite in Gauteng.

Die groen lyn toon die watergehalteriglyn vir wanneer sensitiewe gewasse besproei word.





Oorbemesting

'n Studie van die Gariep Watch watergehalte-databasis het aangedui dat die besproeiingswater vanuit die laer Vaal- en Oranjeriviere alreeds beduidende hoeveelhede plant-besikbare nutriënte bevat. 'n Berekening is gemaak van die hoeveelheid stikstof, fosfaat en kalium wat reeds in die rivier is en met die waterallokasies per hektaar. Hierdie syfers is vergelyk met die bemestingsbehoefte van verskeie gewasse.

Om oorbemesting te voorkom, sal produsente die hoeveelhede N-P-K wat alreeds in die water is moet aftrek van die hoeveelheid bemesting wat toegedien word. Hiervoor sal dit nodig wees om wateranalises te doen by die plaasgrens voordat besluit word op bemestingshoeveelhede. Groot besparings op bemestingstowwe mag realiseer.

GRAPEVINES: LOWER ORANGE RIVER

Indicated required fertilization percentage of plant nutrients already in the river water when irrigating vines with 15 000 m³/ha/season. The required fertilization rate is:

$$\mathbf{N = 60 \text{ kg/ha}, P = 20 \text{ kg/ha and K = 100 kg/ha.}}$$

MONITORING LOCALITY	PLANT NUTRIENT		
	Total Inorganic N (TIN) $\text{NO}_3 + \text{NH}_4 + \text{NO}_2$	Ortho-phosphate H_2PO_4	Potassium K
BOEGOEBERG	11.85 kg/ha/season 19.75% of requirement	8.8 kg/ha/season 44% of requirement	34.8 kg/ha/season 34.8% of requirement
UPINGTON	7.35 kg/ha/season 12.25% of requirement	4 kg/ha/season 20% of requirement	49.2 kg/ha/season 49.2% of requirement
KANONEILAND	6.63 kg/ha/season 11.05% of requirement	14.3 kg/ha/season 71.5% of requirement	45.75 kg/ha/season 45.75% of requirement
KAKAMAS	5.01 kg/ha/season 8.35% of requirement	7.15 kg/ha/season 35.75% of requirement	45.9 kg/ha/season 45.9% of requirement
ONSEEPKANS	10.5 kg/ha/season 15.5% of requirement	8.4 kg/ha/season 42% of requirement	45.75 kg/ha/season 45.75% of requirement



ASPEKTE MET BETREKKING TOT DROOGDRUIWE

Deur: Rachel Kriel, Plant SA



Suksesvolle plantverbetering word gemeet aan die hoeveelheid gesertifiseerde plantmateriaal en wingerdstokke wat jaarliks deur, onderskeidelik die Plantverbeteringsorganisasies (PVO's) en die geregistreerde wingerdkwekers, aan die bedryf gelewer word.

Twee van die kern aspekte van die sertifiseringsproses is inspeksie van plantmateriaal en plante en die oudit van plantverbeteringsprosesse. Beide hierdie funksies is ingesluit by die diens wat PlantSA aan die onderskeie skemas bied. Die inspeksiendiens was egter tot in 2023 uitgekontrakteer, maar na afloop van die huidige seisoen is die kontrak opgeskort en PlantSA het oor die afgelope paar maande vier interne Plantinspekteurs aangestel wat oor die volgende twee maande in diens tree. Hierdie aanstellings gaan die kapasiteit van PlantSA ten opsigte van inspeksies asook die oudit funksie aansienlik uitbrei.

Die fokus van hierdie dienste gaan hand aan hand met die volgende aanhaling van W. Edwards Deming: "Inspection with the aim of finding the bad ones and throwing them out is too late, ineffective, and costly. Quality comes not from inspection but from improvement of the process."

Deel van die verbeterde prosesse is die fantastiese samewerking van PVO's en kwekers om die hoeveelheid droogdruifplantmateriaal wat stok vir stok met ELISA getoets word vir die teenwoordigheid van Rolblaar, jaarliks te verbeter. Die syfers vir die afgelope seisoen in vergelyking met 2022 is as volg, waar K2 en W2 verwys na eenhede wat stok vir stok getoets is:

99,6% van *bostokke in grondveskwekerye* is uitgereik met **K2/W2** status (**63% vir 2022**), **teenoor 83,4%** in kommersiële kwekerye (**54% vir 2022**).

'n Volgende proses wat op verskeie vlakke aandag geniet is die verbetering van onderstokplantmateriaal.

Meer daaroor in 'n volgende nuusbrief.



10th International Table Grape Symposium

By: Andries Daniels, Raisins SA

What a spectacle the 10th International Table Grape Symposium hosted in South Africa turned out to be!

Having been held more than 15 years ago in South Africa (2007), bidding to host the 10th International Table Grape Symposium (10ITGS) against Spain and Brazil at the 9th ITGS held in Chile in 2020 and winning was absolutely exhilarating. Planning for it started during COVID-19 and no one knew or could ever imagine what laid ahead during those first few months; which became more than a year of uncertainty as to what the face of symposia would look like in 2023.

Nevertheless, with a strong drive to make a success of it no matter what, planning by the South African Society for Enology and Viticulture (SASEV) in collaboration with the South African Table Grape Industry (SATI) went ahead at full steam. At first it was just monthly, then bi-weekly online meetings which became weekly and then basically daily. Through many stressful days and sleepless nights looking for sponsors, compiling a scientific program and pushing interest for people to register, everything seemed like a mountain that was insurmountable. Luckily the Local Organizing Committee (LOC) (photo 1) was comprised of a highly motivated and success-driven team of experts within their own respective fields with a diverse set of skills (and personalities).



That, plus an equally enthusiastic Zelda Coetzee and Gwynneth Matthews of Southern Cross Conferences, set the stage for what turned out to be quite a spectacle of a Symposium.

“Experts were flown in from all over the world to come and serve as Keynote Speakers.”



The headline speaker was Emeritus Professor of Food Marketing at Imperial College London and Visiting Professor at the Royal Agricultural University in the United Kingdom Prof David Hughes known as “Dr. Food”. He is a much sought-after speaker at international conferences and seminars on global food industry issues, particularly consumer and retail trends. He is quite apt in taking complex concepts and getting the message across in an easy, lighthearted, and easily ‘digestible’ manner. All keynote speakers are pictured in photo 2 with Dr Ilse Trautmann who addressed them at the Speakers Dinner held at Vergelegen Wine Farm on Monday, 27 November. Dr Trautmann is the Deputy Director General: Agricultural Research and Regulatory Services at the Department, overseeing the programs of Research and Technology Development Services, Veterinary Services and Agricultural Economic Services. She is currently leading the Climate Change portfolio of her department and is part of the transversal governance structure on climate change in the Western Cape Government. Just like she delivered good and relevant information during her welcome (photo 3) and speakers dinner speeches, so did all the keynote speakers on all the various topics they touched on under their respective sub-themes that ranged from Grapevine Breeding, Genetics and Biotechnology; Reproductive Biology, Fruit Physiology and Development and Plant Growth Regulators; Vineyard Management and Environmental Sustainability; Grapevine and Crop Protection, to Post-harvest Physiology and Maintenance of Grape Quality. A variety that delivered quality scientific talks that was highly valued by all those present including our most precious sponsors.



Other than Dr Trautmann, there were also several other VIP guests who were invited to the 10ITGS. This included Raisins SA CEO Ferdie Botha pictured in photo 4 with JP Bence from Carpe Diem Raisins. Present also from Raisins SA was Stefan Jordaan, Senior Agricultural Specialist and Business Development Services Provider (BDSP) Manager pictured in photo 5 with Hein Koch from Bloom Fresh, previously SNFL and JP Bence. This picture was taken underneath Bloom Fresh's raisin grape cultivar 2-506 on the Paarl/Wellington Field Day that was offered as part of the Symposium. The other field days were held in Piketberg and the Hex River Valley. These surely offered just as much insight into the production of table grapes, new cultivars, and cultivation practices like the Paarl/Wellington one did. Now retired Senior Researcher and Irrigation Specialist from the ARC Dr Philip Myburgh and his protégé Dr Carolyn Howell provided much inside from within a profile hole at the JDK Farm in Paarl. The exposed roots in the profile hole were painted white to display the importance of soil preparation and irrigation. Using different tools to schedule irrigation according to the vine's needs were also discussed.

Panel discussions were held on three of the four days over which the scientific program ran. The first panel discussion was titled: 'Table Grape World Exports: A Great or Grape Crisis?' and was chaired by Dr Gerd Burmester. With over 26 years in the field, Gerd possesses in-depth knowledge of the Peruvian fresh fruit industry, global markets, and variety innovations. The second panel discussion was titled: 'Who is stealing your lunch?' and was chaired by Rupert F. Maude.



Rupert has for nearly 20 years been directly involved in Table Grapes in all aspects. Not only in his capacity of Commercial Director at Spain's leading producer of Table grapes and Stone fruit, but also with responsibility for many areas including variety evaluation and selection. He has been fortunate enough to visit many of the main table grape growing countries, some of them many times, so he is quite familiar with the global table grape markets. The third panel discussion was titled: 'Logistics challenges and opportunities in the fresh produce value chain. Exploring the role of data and tech in creating efficiencies' and was chaired by AJ Griesel. AJ holds extensive experience in the agricultural industry, is well-versed in commercial operations and believes that a values-based culture supports the delivery of long-term excellence. As the CEO of SATI, together with his team he focusses on initiatives that will maintain South Africa's position as the preferred table grape country of origin. All these different experiences and expertise of the Panel Chairs ensured that they engaged and facilitated a meaningful discussion surrounding world table grape exports.



Whether it was the fact that The International Organization of Vine and Wine (OIV) granted patronage to the 10ITGS and had their official, Professor Vittorino Novello, Vice-President of OIV Viticulture Commission tasked to read a letter from the President of the OIV and do a presentation on what the OIV does, or whether it was just people wanting to break away from the online space they have been 'living' in the past three years since covid hit, one can only speculate. But with more than 500 delegates (Photo 4) attending the symposium in-person and only 40 online, compared to the 160 that attended in 2007 the 10ITGS surely was one huge success. From guests being welcomed in a true Cape Townian style by the Cape Town Minstrels at the welcome reception on Sunday, 26 November to getting goosebumps by the awesome lively performances of the Soweto Youth Choir at the official opening on the Monday. Not to even mention the Gala dinner held on the Thursday at Anura. It was just WOW!!! The main theme for the symposium was 'Redefining the Industry – Production drive and drag factors'.

It totally lived up to its promise to provide an exciting platform where table grape science could meet industry to showcase advancements in knowledge and innovation, demonstrate the sustainability of the global table grape industry, and provide insights into market and consumer preferences.

“

We wish Spain, who won the bid for the 11th ITGS, all the best in planning and hosting it in 2026.

”





Kanoneiland velddag

Deur: Stefan Jordaan, Raisins SA

Op 21 November was daar 'n veldsessie aangebied by Kanoneiland Landbouvereniging, bygewoon deur 30 persone.

Die doel van die sessie was om op 'n informele basis die belangrikste aksies te bespreek van die seisoen, asook die moontlike oplossings om dit te bestuur.

Hoofpunte bespreek:

- Profielgatinspeksies
- Bemesting
- Besproeiing
- Swambestuur
- Kultivar en onderstok keuse

Met die tipe inisiatiewe deur produsente gemeenskappe reik industrie belanghebbendes maklik uit en met die dag was ons bevoorreg om Sunworld se span teenwoordig te hê. Sunworld is die lisensiehouer van Sugra 39.





MEER INLIGTING OP SUNWORLD



[Webtuiste](#)

Sunworld se span was Robey Leibbrandt (GTS Agronomist RSA& MENA), Michele Milillo (VP Global technical services) van Italië, asook Pablo Barba (Table grape breeder) van Amerika.

Die dag se "take home" boodskap -

- Grondvoorbereiding is die belangrikste faktor met 'n langtermyn gewas.
- Ken jou kultivareienskappe.
- Onderstok keuse kan maak of breek.
- Bemesting op die regte tyd gee optimale resultate.

Daar was baie lekker interaksie tussen almal. Hierme wil ek graag ander landbouverenigings motiveer om kontak te maak indien daar behoeftes is in die betrokke areas.



Dit is die produsente en belanghebbende inligtingsdae wat ontwikkeling bevorder.



Sugra 39 op R110 in Kanoneiland binnegrond



Profielgat ondersoek en bespreking van die belang van die regte kultivar & onderstok keuse




Oesskattting 2023/24

Deur: Madene Conradie, Raisins SA

Met die hulp van Raisins SA se tegniese komitee, asook produsente en verpakkers se insette, is die oesskattting van 2023/24 beraam.

Die eerste amptelike skattting vir die komende seisoen, word konserwatief beraam op ongeveer 85 000 ton (bruto massa). Dit is 'n verhoging van 41,12%, in vergelyking met die inname van 2023 (bruto massa van 60 231 ton). Alle rolspelers is dankbaar vir die vooruitsig van 'n goeie jaar, aangesien die afgelope drie jaar almal se deursettingsvermoë en geduld getoets het.



OEESKATTING 2024*						
	ORANJERIVIER	OLIFANTSRIVIER	NAMIBIË	ANDER	TOTAAL per kategorie	% van produkkategorië
Thompson*	36 605 000	5 736 600	594 000	900 000	43 835 600	52%
Goues	17 937 000		540 000		18 477 000	22%
SA Sultana	3 964 000	-	27 000		3 991 000	5%
OR Sultana	1 863 000		-		1 863 000	2%
Flame	3 215 800	659 800	243 000		4 118 600	5%
Korente	-	3 800 000	-		3 800 000	4%
Ander	4 630 000	1 917 000	1 296 000	900 000	8 743 000	10%
TOTAAL 2024	68 214 800	12 113 400	2 700 000	1 800 000	84 828 200	100%

*let daarop dat die skattting onderhewig is aan verandering, deur die weersomstandighede en produkpryse in ag te neem.



Marktoegang, -intelligenzie & -ontwikkeling



International Sultana Conference:

Climate Change and Markets – what does the future hold for us?

By: Ferdie Botha, Raisins SA



*The 63rd International Sultana Conference
was recently held in İzmir, Türkiye, on 13-14
October 2023.*

It was the first visit of the conference to İzmir since 2010. The conference aims to promote the exchange of information on global production, as well as address key industry conversations such as climate change and generic marketing. The congress was attended by delegations from Argentina, Australia, Chile, South Africa, Türkiye, and the United States, as well as exporters from Türkiye.



The dried fruit market is estimated at around 11 billion USD, with dried grapes occupying a significant share of about 25-30%. The past few years have been marked by a series of challenges, including the international COVID-19 crisis, logistical challenges, the conflict in Ukraine, and various economic issues such as rising inflation that left the consumer under pressure.

The Congress agreed that there should be concerted efforts collectively to ensure our sustainability. Market development is such an example – how do we stimulate the international consumption of raisins?

